SimpleStudy®

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2020

# BESIGHEIDSTUDIES V2 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE :** **150**

**TYD :** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE van die hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let wel dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die EERSTE vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van ŉ antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as ŉ gids vir punte- en tydstoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige TWEE.)** | **2** | **40** | **35** |
| | **3** | **40** | **35** |
| | **4** | **40** | **35** |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: (Beantwoord enige EEN.)** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | **30** |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op ŉ nuwe bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die geouditeerde finansiële state van … moet aan al die aandeelhouers en die publiek beskikbaar gestel word.

A Tlali se Athletiese Gimnasium BK
B JJ Enterprise (Edms) Bpk.
C Vuma en Zonke Handelaars
D King Visserye Bpk.

1.1.2 Effektiewe terugvoering is wanneer die aanbieder …

A vrae na ŉ aanbieding beantwoord.
B pamflette uitdeel.
C onbekwaam is om moeilike lede van die gehoor te hanteer.
D visuele hulpmiddels in die verbale aanbieding insluit.

1.1.3 Weza Gesondheid MSB verskaf gesondheidsdienste soos primêre gesondheidsorg. Hierdie maatskappy is ŉ voorbeeld van ŉ …

A eenmansaak.
B privaat maatskappy.
C staatsbeheerde maatskappy.
D publieke maatskappy.

1.1.4 Gideon glo daarin om dinge anders te doen om mededingend te bly. Hy pas … denke toe om nuwe idees te genereer.

A roetine
B kreatiewe
C konvensionale
D induktiewe

1.1.5 John P Kotter se agt-stap stelsel om verandering te bestuur word gebruik om …

A probleem oplossing te skep.
B ŉ gevoel van dringendheid te vestig.
C ŉ winsgewende besigheid te vestig.
D ŉ gekose strategie te implementeer.

(5 x 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| besluitneming; aflegging; onbeperkte; aksieplan; goeie; beperkte; probleemoplossing; regstellende aksie; swak; besigheidsplan |

1.2.1 Die stap in die beplanningsproses wat die uitvoering van die plan behels, staan as 'n … bekend.

1.2.2 Die … aanspreeklikheidsklousule verduidelik hoe eienaars slegs kan verloor wat hulle in die besigheid belê het.

1.2.3 Global Airways verskaf geleenthede vir voorheen benadeelde mense. Hierdie veranderingsbestuur staan as … bekend.

1.2.4 'n … besluit stem ooreen met voldoende inligting wat strook met die maatskappy se waardes en etiese beginsels.

1.2.5 Die proses om 'n situasie te ontleed om sodoende strategieë te identifiseer wat gebruik kan word om die situasie te verander, staan as … bekend.

(5 x 2) (10)

1.3 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Gantt-grafiek | A skielike en potensiële rampspoedige gebeure |
| 1.3.2 Huurkontrak | B tegniek waar werknemers versoek word om baie idees in stilte op hul eie te genereer |
| 1.3.3 Akte van oprigting | C meningsverskil tussen twee of meer mense |
| 1.3.4 Kragveld-ontleding | D dokument wat voltooi en geteken word wanneer versoek word om ŉ maatskappy te stig |
| 1.3.5 Krisis | E betaling gemaak aan konsessiegewer deur die konsessiehouer gebaseer op die omset |
| | F groot gebonde rolpapier en elke bladsy kan omgeblaai word aan die bokant |
| | G betaling vir die gebruik van ŉ bate eerder as om dit te koop |
| | H beplanningsinstrument wat datums, duur en volgorde aandui |
| | I tegniek vir die lys en assessering van kragte vir en teen ŉ voorgestelde verandering |
| | J dokument wat die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouers, direkteure ens. insluit |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

**Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.**

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op ŉ NUWE bladsy, VRAAG 3 op ŉ NUWE bladsy.

## VRAAG 2: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

2.1 Noem DRIE bronne van finansiering. (3)

2.2 Beskryf kortliks DRIE stappe om te volg wanneer ŉ aksieplan opgetrek word. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KAMELISA GEÏNKORPOREER (KG)**

Kamelisa Geïnk. benodig groot hoeveelhede kapitaal vir uitbreiding van hul besigheid. KG het besluit om die huidige besigheid na ŉ ander tipe maatskappy te verander, sodat hulle aandele op die JEB aan die publiek kan verkoop.

2.3.1 Identisifeer die ondernemingsvorme wat Kamelisa Geïnkorporeer was voordat hulle verander het na ŉ ander tipe maatskappy. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.3.2 Noem die ondernemingsvorm waarna KG toe wil verander. (2)

2.3.3 Onderskei tussen die ondernemingsvorme geïdentifiseer in VRAAG 2.3.1 en 2.3.2 onderskeidelik. (8)

2.4 Bespreek die redes hoekom entrepreneurs mag besluit om ŉ bestaande besigheid te koop. (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| SINDY PASTEI EN BURGERS (SPB) |
|---|
| Sindy verkoop tuisgemaakte pasteie en burgers. Sy het navorsing gedoen oor kliëntediens as ŉ dryfkrag en het geleer deur kostes te sny kan sy haar wins vermeerder tot die maksimum. |

2.5.1 Noem TWEE faktore van die scenario hierbo wat Sindy oorweeg het voor die begin van SPB. (2)

2.5.2 Stel EEN moontlike verbetering voor van ELKE faktor genoem in VRAAG 2.5.1. (2)

Gebruik die tabel hieronder as ŉ RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

| **FAKTORE 2.5.1** | **VERBETERINGE 2.5.2** |
|---|---|
| **1.** | **1.** |
| **2.** | **2.** |

2.6 Beveel faktore aan wat die aanbieder moet oorweeg ter voorbereiding van ŉ aanbieding. (8)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSROLLE

3.1 Noem VIER oorsake van konflik in die werkplek. (4)

3.2 Beskryf kortliks TWEE eksterne oorsake van verandering in die werkplek. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| KHAYA BESIGHEIDSKONSULTANTE (KB) |
|---|
| Khaya Besigheidskonsultante is ŉ diensonderneming wat advies vir klein opkomende besighede bied. Gedurende die vergaderingsessies bevraagteken die spanlede mekaar se idees en menings. |

3.3.1 Identifiseer die stadium van spanontwikkeling wat op die scenario hierbo van toepassing is. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.3.2 Verduidelik TWEE ander stadiums van spanontwikkeling. (8)

3.4 Verduidelik die voordele om probleme saam met ander op te los. (4)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| MIKE KONSTRUKSIE (MK) |
|---|
| Mike Konstruksie moet ŉ nuwe biblioteek in ŉ klein landelike dorpie bou. Die geïdentifiseerde area is ŉ groot probleem vir die dorpsgemeenskap. Die raad van direkteure het besluit om kundiges uit te nooi om die uitdaging aan te spreek. |

3.5.1 Identifiseer die probleemoplossingstegniek gebruik deur Mike Konstruksie. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

3.5.2 Verduidelik die betekenis van die probleemoplossingstegniek geïdentifiseer in VRAAG 3.5.1. (6)

3.6 Beveel maniere aan waarop professionele, verantwoordelike, etiese en effektiewe besigheidspraktyke uitgevoer moet word. (8)
**[40]**

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSGELEENTHEDE**

4.1 Gee DRIE voorbeelde van nie-verbale aanbiedings. (3)

4.2. Beskryf kortliks die aspekte wat in ŉ prospektus ingesluit moet word. (8)

4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| KUNDIGE MEUBELDIENSTE (KM) |
|---|
| Kundige Meubeldienste verkoop hoë kwaliteit meubels en kombuis-eenhede in Qumbu. Die vervoer van meubels na die nabygeleë dorpies is aan Dlamini Afleweringsdienste gegee. |

4.3.1 Identifiseer die manier om ŉ besigheid te verkry soos in die scenario hierbo voorgestel. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

4.3.2 Bespreek die voordele van die manier om ŉ besigheid te verkry wat in VRAAG 4.3.1 geïdentifiseer is. (8)

## BESIGHEIDSROLLE

4.4 Gee DRIE voorbeelde van etiese besigheidspraktyke. (3)

4.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Jabu, 'n apteker, het onlangs sy apteek oopgemaak en sy verwagtinge vir sukses is om sy besigheid se etiese gedragkode na te kom. Jabu moet binne die wette handel wanneer medisyne uitgereik word, beskerming van vertroulike kliënte inligting en hulpbronne verantwoordelik gebruik met inagneming van die omgewing.

4.5.1 Noem DRIE beginsels van professionalisme in die scenario hierbo. (3)

4.5.2 Onderskei tussen *professionalisme* en *etiek*. (4)

4.6 Beveel maniere aan hoe besighede veranderinge in die werkplek kan hanteer. (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING C

**Beantwoord enige EEN vraag in hierdie afdeling.**

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet boaan ŉ nuwe bladsy begin, bv. VRAAG 5 op ŉ NUWE bladsy of VRAAG 6 op ŉ NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSGELEENTHEDE (MANIERE OM ŉ BESIGHEID TE VERKRY EN AANBIEDINGS)

Phumlo, HUB van African Business Corporation het ŉ aanbieding gemaak geondersteun deur visuele hulpmiddels oor hoe om ŉ konsessie (franchise) te koop en die kontraktuele verpligtinge daarvan. Na afloop van sy aanbieding, moet hy ŉ verslag oor die uitkoms en sukses aan die raad van direkteure skryf.

Skryf ŉ opstel waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die kontraktuele implikasies van ŉ konsessie-besigheid.
- Verduidelik die voordele en nadele van die verkryging van ŉ konsessie.
- Bespreek hoe die aanbieder die volgende visuele hulpmiddels moet voorberei:
  - Transparante
  - Uitdeelstukke
  - Plakkate
- Beveel aan Phumlo die stappe om te volg wanneer hy ŉ verslag aan die raad van direkteure skryf. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSROLLE (STRES, KRISISBESTUUR EN KREATIEWE DENKE)

Queen Hoender Kos (QHK) is ŉ hoenderprodusent wat 50 werknemers in diens neem. Werknemers werk nagskof en geen vervoer of beskermingstoerusting word aan hulle verskaf nie. Sommige werknemers het bedank en ander het verlof geneem as gevolg van stres. QHK gebruik kreatiewe denke om die besigheidskrisis aan te spreek om hul besigheidsprobleme op te los.

Hou die scenario hierbo in gedagte en skryf ŉ opstel waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die oorsake van stres in die besigheidsomgewing.
- Verduidelik die voordele van die gebruik van kreatiewe denke in die werkplek.
- Bespreek die belangrikheid van die hantering van stres in die werkplek.
- Stel maniere voor waarop besighede krisisse in die werkplek kan hanteer. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou